***In Nasáret:***

***Die Meester eet aan huis van Mirjam. Ongeloof verhinder wonderwerke***

**105** Ons vaar nou regstreeks na Násaret, want Ek het My voorgeneem om Násaret nog een keer te besoek, tuis `n bietjie uit te rus en dan die geleentheid te gebruik om ook vir die baie wispelturige Násareners die lig van die Waarheid aan te steek.

[2] Die terugvaart duur egter `n bietjie langer as die heenvaart, en verskeie mense word honger. Maar Ek gee hulle krag en hulle ervaar `n wonderbare versadiging en **sommiges** sê: “Kan jy dit glo - die eerste asemteug verskaf brood en die tweede smaak na wyn!” So bereik ons vroeg die volgende môre die oewer. Vanaf die oewer tot by Násaret was dit nog ongeveer twintig veldlengtes*; ons gaan ongehinderd voort en bereik binne `n kort tydjie die stad Násaret. Ondertussen versorg die knegte van Petrus soos gewoonlik die skuit, en vaar dan huis toe. (*`n veldlengte is in huidige terme omtrent 120 meter, dus 240m)

[3] Ons het egter by die algemene kaai geland, en daar was baie mense bymekaar, sommiges wat vanweë sakeredes die see in al die rigtings moes invaar en baie kom uit die omstreke, selfs van sover as Jerusalem, na die mark in Násaret want daar was in daardie tyd juis `n groot mark in hierdie stad.

[4] Toe dit op die kaai bekend raak dat Ek met Petrus se skip daar aangekom het, gaan ook diegene wat oor die see heen sakereise wou doen, met ons mee na die stad toe terug, en sodoende gaan daar `n groot volksmenigte met ons saam na Násaret.

[5] Maar Ek en My leerlinge gaan na My huis toe, dit wil sê wat nou die huis van My moeder, Mirjam, is. Sy was tuis met die drie oudste seuns en vier maagde wat al vroeër, in Josef se tyd, toe Ek nog `n kind was, as kinders aangeneem en opgevoed is.

[6] Mirjam en al haar huisgenote spring nou aan die werk en berei `n oorvloedige ontbyt vir ons almal. Ons het dit werklik nodig gehad, in die besonder My leerlinge, omdat hulle `n hele dag en `n hele nag byna niks te ete gehad het nie. Die maaltyd is vinnig voorberei en ons sit aan en eet en drink. Na ete sê ons dankie, staan op en gaan die stad in om daar bietjie na die doen en late van die mense te kyk. Ons kan egter skaars uit die huis uit kom vanweë al die mense, wat grootliks uit nuuskieriges bestaan, deels mense met onbehoorlike spioenasie-oogmerke en dan `n baie geringe deeltjie wat weens nood en hulpbehoewendheid hulle rondom die huis ingegrawe het.

[7] Toe ons uit die huis uit kom, vra enkele fariseërs en skrifgeleerdes uit Jerusalem, of Ek hier dan geen wonderwerke en tekens gaan doen nie. Maar **Ek** sê ernstig en beslis aan hulle: “Nee - vanweë julle ongeloof niks nie!” Ná hierdie besliste “NEE”, begin die mense uitmekaar gaan, en **`n paar** mompel en fluister mekaar in die oor: “Hy durf nie, want Hy is bang vir die menere uit Jerusalem.” **Andere** sê: “Hy het sekerlik nie Sy toormiddels by Hom nie.” En **nog ander**: “Hy doen hier niks nie vanweë Sy landgenote, want Hy weet goed dat Hy by hulle nie baie hoog aangeskrewe is nie.” Met sulke, en ander gelyksoortige aanmerkings gaan hulle uiteen en binne enkele oomblikke was daar nie meer `n mens by die huis van Mirjam, die moeder van My liggaam nie en het ons skielik baie ruimte om na die stad te kan loop.

[8] Ons besoek daar eers `n sinagoge. Daar kan enige Judeër wat sou wou, `n spreekbeurt kry om sy eie, of sy en sy gemeente tesame, se mening te lug of klagtes te lê wat na hulle mening gegrond is jeens priesters en skrifgeleerdes wat Jerusalem hier plaaslik aanstel. Drie skrifgeleerdes sit op `n verhoog en luister.

[9] Toe ons in die sinagoge instap, sê **Simon** van Kana heimlik vir My: “Meester, ons kan tog ook iets hier sê? Ons sou genoeg regte klagtes hê!”

[10] **Ek** sê: “My vriend! Om op die regte oomblik die waarheid te praat, is reg en goed; maar om op die regte oomblik stil te bly, is nog beter! Jy kan so hard probeer as wat jy wil, maar uit yster sal jy nooit goud maak nie, en uit klei nie silwer nie. Hierdie soort wat hier sit om raad te gee en om te luister, lyk innerlik heel anders as dit wat jy aan die buitekant kan sien; uiterlik is hy `n lammetjie, maar innerlik `n verskeurende wolf!

[11] Dink jy dat hulle hier sit om te luister sodat hulle, nadat die besware aangehoor is, die gevraagde verligting vir die volk kan aanbring? O, dan misgis jy jou deeglik!

[12] Hierdie soort sit maar net hier met vriendelike gesigte na die volk en luister om uit te vind hoe die volk oor die priesters dink. Glo My gerus! Vandag word jy vriendelik aangehoor, en môre sluit hulle jou in die tronk op en tugtig jou met gesels `n volle jaar lank! Hierdie priesters sal, net soos rawe en kraaie, **nooit mekaar se oë uitpik met die skerp punte van hulle bekke nie.**

[13] Daarom gaan ons net hier sit en luister en oplet of, en in hoeverre en op watter manier daar van ons gepraat word. Ons wil nie opvallend wees nie, en gestel dat hulle ons wel sien, dan behoort hulle ons tog nie so vinnig te herken nie, en sodoende kan

ons hier goed luister en deeglik kennis neem van wat ons hoor." Simon van Kana stem hiermee saam, en ons gaan in `n effens donker hoekie van die sinagoge sit en luister na wat daar alles gebeur.

[14] Mense wat in hulle eie hoedanigheid daar is, sowel as dié wat afgevaardigdes van hele gemeentes is, lê klagtes wat ten hemele skrei teen priesters voor en word heel vriendelik aangehoor.

[15] Nadat die volk hulle klagtes gelê het, en die drie skrifgeleerdes en fariseërs uit Jerusalem met die hand op die hart belowe het dat hulle hulle uiterste bes sou doen, en dat die aangeklaagde priesters aan `n streng verhoor onderwerp sou word, en indien die aanklagte waar sou blyk te wees, hulle te tugtig, stel `n skrifgeleerde met sy allervriendelikste gesig aan die volk die vraag of en wat die aanwesiges van My, of te wel die berugte oproermaker, JaHshua, weet. Want, sê hy, mens het tot al in Jerusalem verneem dat Hy in Galilea rondswerf en groot tekens doen wat niemand nog ooit vóór Hom gedoen het nie, en die vraag vir hom was of dit wel waar is en wat die ander mense daarvan dink.

### *Openlike getuienis in die sinagoge oor JaHshua, Sy lewe, Sy dade en Sy leer.*

**106** Daar stap nou `n **baie gesiene man** uit die omgewing van Kapernaum na vore en sê: "Hooggeëerde dienaars van JaHWeH in die tempel te Jerusalem! Die man wat u JaHshua noem in u vraag aan ons, is so te sê uit hierdie streek en uit hierdie stad afkomstig en het homself nog altyd ordentlik en te alle tye buitengewoon godvrugtig gedra. Mens sien Hom baie dikwels langdurig bid; niemand het Hom nog ooit sien lag nie, maar daarenteen het mens hom al dikwels sien huil op die afgesonderde plekke wat hy gereeld besoek.

[2] Reeds vanaf Sy geboorte het seldsame dinge rondom Hom gebeur en nou, noudat Hy eintlik as ware medikus, wat sy gelyke op aarde nie het nie, `n reis onderneem, bewerkstellig Hy genesings deur slegs `n woord te spreek, waartoe net JaHWeH alleen in staat sou wees.

[3] Alle dade van Moses af tot nou toe, verdwyn in die niet vergeleke daarby. Hy maak kreupeles, wat jare lank al heeltemal kromgetrek is, in `n oomblik volkome gesond; enige koors, hoe kwaadaardig ookal, moet buig voor Sy wil; stom-, doof- en blindgeborenes praat, hoor en sien net so goed as enigeen van ons! Die ergste melaatsheid verdryf Hy in `n oogwink, besetenes bevry Hy met een woord van legioene van duiwels, en die dode roep Hy en hulle staan op, eet en drink en loop rond asof niks gebeur het nie! Net so gebied Hy die elemente en hulle doen wat Hy sê asof hulle Sy getrouste en gewilligste dienaars is.

[4] In die algemeen gesproke, is Sy leer die volgende: **Dat mens Elohim bo alles en sy naaste soos homself, daadwerklik moet liefhê**.

[5] Omdat Hy sulke dade verrig en aan Sy leerlinge die suiwerste leer verkondig, **beskou ons Hom as `n buitengewone profeet,** wat JaHWeH vir ons soos `n EliJaH, nou in ons groot teenspoed asof uit die hemele gestuur het. Dit is alles wat ek en baie andere soos ek, van hierdie wonderlike JaHshua weet, en ons kan Elohim nie genoeg dank nie dat Hy weer `n keer aan Sy arme, uitermate verdrukte volk gedink het!

[6] **Baie dink dat Hy die beloofde groot Messias van JaHWeH is**. Persoonlik is ek nie daarvoor of daarteen nie, maar ek vra myself tog wel die vraag af: Sal die Messias wat gaan kom groter dade as dit kan verrig?"

[7] **Die priester** sê: "Jy praat soos `n blinde wat kleure beoordeel. Waar staan daar geskrywe dat daar ooit `n profeet uit Galilea sal opstaan? Ons sê aan julle dat hierdie JaHshua van julle niks anders is nie as `n sleggeaarde towenaar wat verbrand sal moet word! Sy leer is `n masker waaragter Hy Sy godslasterlike karakter versteek! Dis nie met Elohim nie, maar met die opperduiwel dat Hy Sy wondere verrig! - en julle blindes dink selfs dat Hy die groot Beloofde is! Waarlik, daarvoor is julle saam met Hom die vuurdood skuldig!"

[8] **Die man** gaan staan egter stewig vas, en sê: "Ja, julle sou ons lankal verbrand het as ons as Galileërs, en ek persoonlik ook, nie ware Romeinse inwoners was nie en julle, en nie die Romeine nie, hier seggenskap gehad het. Maar gelukkig het, vir ons Galileërs, julle glorie lankal verdwyn. Ons is geheel-en-al Romeinse onderdane en het derhalwe niks met julle te make nie, behalwe dat ons julle vanuit die hoogste kringe volkome uit Galilea uit sal laat verwyder as julle dit sou waag om julle aan net maar die geringste van ons Romeine te vergryp!

[9] Met betrekking tot ons groot profeet, JaHshua, sê ek julle nou ook nog dit: Wee julle as julle van plan sou wees om in hierdie land julle boosaardige hande aan hom te slaan!

[10] Want, vir ons is Hy `n waaragtige God. Voor ons doen Hy dinge wat slegs maar God kan doen.